## GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSMAGTIGING

**(Omgewingsimpakevaluering en aansoek om Afvalbestuurslisensie)**

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE HUIDIGE ASVERWYDERINGSFASILITEITE BY DIE TUTUKA KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**

**DEA Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/3/52 en NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0001416/2012**

## KONSEP OMGEWINGSIMPAKVERSLAG BESKIKBAAR VIR PUBLIEKE INSAE

Soos per die vorige kennisgewing, gedateer 6 November 2012, wat geplaas is ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998), en Staatskennisgewing R543, gepubliseer in Junie 2010 van die Geïntegreerde Omgewingsmagtigingproses (Omgewingsimpakevaluering en 'n Aansoek om 'n Afvalbestuurslisensie ingevolge Artikel 19(1), die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval Wet, (Wet 59 van 2008), word alle belanghebende en/of geaffekteerde partye (B&GPs) hiermee in kennis gestel dat die Konsep Omgewingsimpakevalueringsverslag (KOIV) vir die voorgestelde uitbreiding van die huidige Asverwyderingsinstallasie by Tutuka Kragstasie, Mpumalanga Provinsie beskikbaar gestel sal word by die ondergenoemde plekke (in druk), Lidwala Raadgewende Ingenieurs' webwerf (http://www.lidwala.com) en op CD (op skriftelike versoek), vir oorsig en kommentaar vanaf **Maandag, 21 Julie 2014** tot **Maandag, 1 September 2014** (einde van besigheidsdag):

| Plek | Kantoorure | Straatadres | Kontaknommer |
|---|---|---|---|
| Standerton Openbare Biblioteek | 08:30 – 16:30 | H/v Beyers Naude en Mbonani Masiyelastraat | 017 712 9678 |
| Tutuka Kragstasie (Westelike Hoofhek – Sekuriteit Ontvangs) | 07:00 – 16:00 | Tussen Standeton en Bethal Pad (op die R 38 pad) | 017 749 9111 |

## UITNODIGING NA OPENBARE VERGADERING

B&GPs word ook uitgenooi na 'n Openbare Vergadering wat plaasvind op:

| Datum | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Donderdag, 31 Julie 2014 | 17:00 – 19:00 | Ulwazi Primêre Skoolsaal, Tutukane |

Die doel van die Openbare Vergadering is om 'n oorsig rakende die voorgestelde projek, die OIE proses gevolg, opsomming van die omgewingsbevindinge en die voorgestelde versagtende maatreëls soos vervag in die KOIV aan die publiek voor te hou, om B&GPs die geleentheid te bied om met die projekspan te skakel, en om enige verdere kommentaar en/of knelpunte wat hulle rakende hierdie voorgestelde projek mag hê, te opper.

Rig asseblief u **skriftelike** navrae en kommentaar aan die Openbare Deelnamekonsultante hieronder:

**Nicolene Venter / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms.) Bpk.**

Posbus 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Faks: (086) 764 9282
E-pos: tutukaeia@lidwala.com

Lidwala
Specialist Solutions